

## Laerskool Duiwelskloof spog met nuwe personeel

Dillen Gouws (assistente-onderwyser), Anrie de Jager (onderwyser), Janet Mulder (onderwyser) en Monya Nel (assistente-onderwyser) het hul vanjaar by Laerskool Duiwelskloof aangesluit.

**SKOLENUUS**

## Antjies verwelkom graad-eentjies by die skool

Laerskool Dr. Annecke op Letsitele het verlede week 'n groot span gr. 1-leerders vir hulle eerste 'grootskooldag' verwelkom.



Die gr. 1-seuns in Laerskool Dr. Annecke se Afrikaanse klas het hulle eerste dag by die skool geniet.



Die gr. 1-meisies in Laerskool Dr. Annecke se Afrikaanse klas glimlag breed op hulle eerste skooldag.

# Ontmoet Plasies se nuwe onnies

Merensky Landbou Akademie bars uit sy nate! Behalwe vir 'n rekordgetal inskrywings is daar ook 'n groot aantal nuwe onderwysers wat vanjaar by die skool aansluit.

Handré Hay is Plasieland se nuwe fisioterapeut. Hierdie sportentoesias gaan betrokke wees by rugby en ook as buite-afrigter by landloop.

Divan Potgieter gaan sosiale wetenskappe vir graad 9 gee en 'n verskil maak by die Plasies se atletiek, skaak en rugby.

Juané Viljoen gaan rekenaartoepassings-tegnologie vir graad 10 tot 12 aanbied.

Carien-Mari Steyn is 'n oud-Plasie, klas van 2008, en gaan Afrikaans EAT vir die graad 8 en 9s aanbied.

Elmarie Jansen van Rensburg gaan vanjaar vir die graad 9s, 11s en 12s in Afrikaans EAT onderrig.

Divan van Rooyen gaan vir graad 8 en 9 natuurwetenskap gee en sal betrokke wees by atletiek- en o.16-rugbyafrigting.

Enrich Steenkamp het pas afgestudeer aan die Puk en gaan ingenieursgrafika en ontwerp vir die graad 11 en 12s aanbied.

Christian Liebenberg is 'n sportliefhebber en gaan betrokke wees by o/14-rugby en o/15-krieket. Liebenberg is deel van die Limpopo Rugby Skeidsregtersunie en gaan vir die graad 8s alles van natuurwetenskap leer.

Louis Fourie is geen onbekende op Plasieland nie; hy het van 2013 tot 2019 by Merensky skoolgehou. Hy gaan landboutegnologie vir die graad 10 en 11s aanbied en betrokke wees by hokkie-afrigting en Agri-Merensky.

Mia van Rooyen gaan vir graad 9, 10 en 11 besigheidstudies aanbied. Sy het 'n passie vir kultuur en gaan atletiek en netbal afrig.

Belinda Potgieter, 'n passievolle onderwyseres, gaan lewensoriëntering aanbied vir graad 9 en 10. Potgieter gaan ook as sportkoördineerder vir Plasie-atletiek, -netbal en -bergfiets optree.

Joost Smith is 'n nuweling in die onderwyswêreld. Atletiek, spesifiek naellope, is sy kos. Smith gaan verantwoordelik wees vir graad 9s se English HL en FAL, sowel as graad 8 en 9 se ekonomiese bestuurswetenskappe.

Steven Steyn gaan op Plasieland Engels HL aanbied vir graad 8 en 9. In atletiek gaan hy fokus op verspring, terwyl die o.16-rugbyspan en 2de krieketspan sy kundigheid gaan aanwend.

Hannes Visser is ook 'n oud-Plasie, klas van 1999. Hy gaan landboubestuur vir graad 10 en 11 en algemene landbou vir graad 9 onderrig. Plasie-rugby is waar hy 'n afrigtingsbydrae gaan maak.

Anri Petersen is 'n oud-Plasie-onderwyser wat, nadat sy vir 'n jaar kind grootgemaak het, weer haar pos as wiskunde-onderwyser ingeneem het.



Vyftien personeellede het hul vanjaar by Merensky Landbou akademie aangesluit. Voor: Anri Petersen, Belinda Potgieter, Mia van Rooyen, Divan van Rooyen, Christian Liebenberg, Steven Steyn en Handré Hay. Agter: Carien-Mari Steyn, Elmarie Jansen van Rensburg, Juané Viljoen, Louis Fourie, Divan Potgieter, Enrich Steenkamp, Hannes Visser en Joost Smith.








Greater Tzaneen Municipality
Groter Tzaneen Munisipaliteit
Masipala Wa Tzaneen
Masepala Wa Tzaneen

P.O. BOX 24 - TZANEEN - 0850 Tel: 015 307 8000 Fax: 015 307 8049 www.greatertzaneen.gov.za

**GENERAL VALUATION ROLL NOTICE**

Greater Tzaneen Local Municipality hereby gives notice in terms of Section 49 read together with section 72(2) of the Local Government Municipal Property Rates Act 6 of 2004 that the General valuation roll will be open for public inspection at the municipal offices, No. 1 Agatha Street, Civic Centre, Tzaneen, Lenyenye satellite office, Nkowankowa satellite office, Letsitele library, Haenetsburg library, as well as municipal website stated hereunder from the 5th of February to the 15th of March 2024.

Invitation is hereby made that any owner of the property or other interested and affected person to lodge an Objection against the general valuation roll with the Municipal Manager within the period mentioned above by completing a prescribed form obtainable from the below mentioned offices or through a municipal website at: www.greatertzaneen.gov.za. Letsitele Library, Nokwankowa Satellite office, Lenyenye Satellite office, Haenertsburg Library and Tzaneen Civic Centre.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of section 50(2) of the Act, an objection must be in relation to a specific individual property and not against the general valuation roll as such. The completed forms may be handed in at the below mentioned address or mailed to:

Greater Tzaneen Local Municipality
PO Box 24
Tzaneen
0850

**FOR FURTHER ENQUIRIES DURING OFFICE HOURS PLEASE CONTACT:**
**Tel:** 015 307 8000 **Email:** handswell.phakula@tzaneen.gov.za or prince.mbiza@tzaneen.gov.za

**D MHANGWANA**
**MUNICIPAL MANAGER**